Mediaverklaring

Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
8 Desember 2009

SA is gasheer van toonaangewende internasionale versekeringsmedisynekongres

Suid-Afrika is as die wêreldwye leier op die gebied van nuwe lewensversekeringsprodukte vir MIV/vigs-positiewe mense en produkte vir gevreesde siektes in Februarie aanstaande jaar die gasheer van die Internasionale Kongres van Lewensversekeringsmedisyne (ICLAM).

Dit is die eerste keer dat dié invloedryke kongres wat al meer as honderd jaar gereeld aangebied word op die Afrika-kontinent sal plaasvind. Die 23ste kongres vind van 7 tot 10 Februarie in Kaapstad plaas.

Dr. Pieter Coetzer, voorsitter van ICLAM 2010 se organiserende komitee, sê die kongres sal aan internasionale kundiges ‘n unieke geleentheid bied om eerstehands kennis te neem van hoe Suid-Afrika aan die versekeringsbehoeftes van ‘n ontwikkelende land met ‘n verskeidenheid van kulture voldoen. Coetzer is ook die sameroeper van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) se staande komitee oor risiko en onderskrywing.

Coetzer sê Suid-Afrika se langtermynversekeringsbedryf bly een van die mees gesofistikeerde bedrywe van sy soort in die wêreld. “Ons woon die onderskrywingskongres elke drie jaar by nie soseer om by internasionale praktyke te leer nie, maar om ons eie praktyke te bevestig en om lesse wat ons geleer het met kundiges van ander lande te deel.”

Suid-Afrika was volgens Coetzer nie net die eerste land wat in die tagtigerjare van die vorige eeu produkte vir gevreesde siektes in gebruik geneem het nie. Suid-Afrikaanse lewensversekeraars het ook in 2001 die voortou geneem met risikodekking vir funksionele gebreke asook lewensdekking vir MIV-positiewe mense.

Dit is gevolglik gepas dat dr. Marius Barnard, die grondlegger van versekeringsprodukte vir gevreesde siektes, die sleuteltoespraak by die kongres sal lewer. Kundiges van Suid-Afrika en Nederland sal afgevaardigdes van oral in die wêreld ook inlig oor vernuwing wat produkte vir MIV/vigs-positiewe mense betref.

Gereedmaking vir pandemies, dwelmgebruik in sport, genetiese toetse en nuwe neigings in die behandeling en onderskrywing van suikersiekte is ander onderwerpe wat op die kongres onder die loep kom.

Sowat 300 afgevaardigdes van oral in die wêreld het reeds geregistreer om die kongres by te woon, sê Coetzer.

“Die driejaarlikse ICLAM-konferensies is daarop gemik om inligting te deel oor risiko-ontleding tydens die onderskrywings- én die eisbepalingsfases. Dit bied ‘n waardevolle leer- en netwerkervaring vir mediese adviseurs op die gebied van versekeringsmedisyne en beroepsgesondheid, onderskrywing, eise-assessering, beroepsterapie, aktuarieel en besigheidsbestuur in risikotaksering.”

Die vorige kongres is in 2007 in Berlyn gehou. Meer inligting is beskikbaar by www.iclam2010.co.za.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Dr. Pieter Coetzer
Voorsitter van ICLAM 2010 se organiserende komitee, en
Sameroeper van ASISA se staande komitee oor risiko en onderskrywing

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).